## 'N OPROEP TOT DIE BEVORDERING VAN DIE VADERLANDSE GESKIEDENIS

Op 9 Maart 1963 is, onder blyke van groot belangstelling en geesdrif, 'n Hoofbestuursvergadering van die Transvaalse afdeling van die Historiese Genootskap te Meyerton gehou.

In sy verwelkomingswoord het die voorsitter, dr. J. J. van Tonder, die hoop uitgespreek dat almal ywerig sal meewerk tot die bevordering van die geskiedenis van ons volk — dat daar met nuwe doelgerigtheid voortgegaan sal word. In die lig van dreigende gevare behoort die saak almal nader aan die hart te lê.

Na aanleiding hiervan was dit die algemene gevoel van die vergadering dat geskiedkundige mededelings 'n regmatige plek by die viering van Geloftedag behoort in te neem. 'n Onderkomitee, bestaande uit prof. J. S. du Plessis en dr. J. A. du Plessis, sal 'n memorandum in die verband opstel en vir goedkeuring aan die Jaarvergadering voorlê.

Ten opsigte van Sosiale Studies, is die mening uitgespreek dat die Historiese Genootskap 'n wakende oog daaroor moet hou en moet toesien dat die geskiedenis in die leergange 'n regmatige plek inneem. Die F.A.K. sal weereens genader word insake 'n Volkskongres op 'n nasionale vlak in verband met die Vaderlandse geskiedenis.

Dat daar belangstelling deur die Historiese Genootskap gewek word, word o.a. bewys deur die feit dat nuwe komitees te Louis Trichardt, Stilfontein en Sannieshof gestig is. Dit is 'n verblydende teken en toon dat daar wel 'n groot belangstelling in geskiedenis bestaan. Hierdie en ander bestaande komitees, pak die saak waarvoor die Historiese Genootskap hom beywer, met groot geesdrif en entoesiasme aan. Die mening is uitgespreek dat Historiese Verenigings op Universiteite, Opleidingskolleges en skole gestig moet word waar sulke verenigings nog nie bestaan nie.

Ten opsigte van die publikasies van die Historiese Genootskap, t.w. *Historia* en *Historia Junior,* is die hoop uitgespreek dat hoërskoolonderwysers bydraes sal lewer wat sal aanpas by die hoërskool, vir plasing in *Historia. Historia Junior* geniet ook wye belangstelling en 'n beroep word op onderwysers gedoen om bydraes vir plasing voor te lê. Dit is aan die hand gedoen dat 'n bepaalde tema uitgewerk kan word, sodat die leerlinge kan leer om breër te lees.

Graag wens die Historiese Genootskap aan lede en alle belangstellendes bekend te maak, dat 'n Jaarvergadering op 20 Setember 1963 te Klerksdorp gehou sal word.